Onderhoud met Adri Vermeulen – Aanbiddingsleier

Fielies de Kock

My grootwordjare… Ek is in Windhoek, Namibië gebore. Ons het ook vir vier jaar in Bloemfontein gebly voordat ons Pretoria toe getrek het, waar ek groot geword het.

My familie… My Pa het vir die Poskantoor gewerk en later vir Telkom. Hy was baie kunssinnig en het fantasties geskilder. My ma is net so kreatief en werk tans as 'n koördineerder by 'n konferensiefasiliteit. Sy het ook op 'n tyd haar eie bloemiste gehad. Ons is twee sussies, waarvan ek die jongste is. My ousus-hulle bly in Amerika.

Ek het begin sing… Op skool het ek altyd in die koor gesing en ook aan *revue* deelgeneem. Ek wou op skool altyd eerder toneel speel as sing. Die singery was maar altyd net 'n ietsie ekstra wat ek gedoen het.

Ek is getroud met… Dries op 3 Februarie 1996 in Pretoria. Dries het in Williston groot geword en het elektroniese ingenieurswese aan die Universiteit van Stellenbosch geswot. Na sy studies het hy diensplig gaan doen en is na Pretoria uitgeplaas waar ons in 1993 ontmoet het.

My lewensverhaal in 'n paragraaf… Ek het in 'n gemiddelde Afrikaanssprekende huis groot geword. Ek wou eintlik gaan drama swot het, maar my pa het geweier en uit rebelsheid het ek besluit dat ek eerder na matriek gaan werk as om enige iets anders te studeer. Ek het 'n paar werke gehad voordat ek vir Dries ontmoet het. 'n Week na ons troue het my pa selfmoord gepleeg. Dit was 'n baie intense tydperk in ons lewens en ek het in 'n baie erge depressie verval. Ek het ook aan voorskrifmedikasie verslaaf geraak en 'n eetversteuring ontwikkel. Ek het ook amper ons huwelik eiehandig verwoes. God se genade was egter so groot dat Hy my in 'n oomblik genees en bevry het. Hy het sy roeping vir my aan my bekend gemaak en vandag staan ek as losgekoopte voor die troon van God om deur middel van lof en aanbidding sy hart te bedien. Dit is 'n opwindende reis en ek sal dit vir niks in die wêreld verruil nie.

Ek glo… Dat God toegelaat het dat ek deur 'n 'woestyntydperk' moes gaan waardeur Hy my kon brei en vorm om te word soos wat Hy vir my beplan het. Ek glo ook dat Jesus my bevry en skoongewas het deur sy kruisdood en dat alles wat ek het en is, suiwer genade is.

My lewensdoel is… Om 'n lewe van aanbidding te lei, om met my hart na God gedraai Hom te volg en Hom te dien. Ek is ook geroep om lof en aanbidding te fasiliteer, sodat mense hulle harte kan oopstel en toelaat dat God aan hulle kan verskyn en hulle kan aanraak.

My passies in die lewe is… Jesus - om voluit in my roeping te leef. En my man.

Ander dinge waarvan ek hou is… Ek hou baie van fliek. Ek en Dries is groot ontbyt-eters. Ek is lief vir vakansies by die see met goeie boeke. O ja, en om die meubels in ons huis rond te skuif.

Vriende is vir my belangrik omdat… Hulle vul my lewe met vreugde en hartseer. Ons het 'n groep vriende wat in ons lewens 'inbou' en aan wie ons onsself verantwoordbaar hou. Rondom 'n koppie koffie kuier ek en my vriendinne 'n barshou.

My eerste *CD*… 'n Paar jaar gelede het ek in my gees gevoel dat die tyd ryp is om 'n CD op te neem. Ek was baie huiwerig om dit te doen, want ek is nie 'n opgeleide kunstenaar nie en God gevra om dit te bevestig. Hy het dit 'n paar keer gedoen. Ek was besig om die aanbidding by 'n baie groot konferensie te lei toe God vir my gewys het dat Hy daarna smag dat ons sy hart bedien. Ek het 'n beeld van 'n deur wat op 'n gleuf oopstaan gesien. Dit was die deur wat na God se troonkamer lei. 'n Klomp mense het voor hierdie deur gestaan en hulleself gereinig voordat hulle by die deur kon ingaan. Soos wat hul deur beweeg het, het hulle in aanbidding voor God se voete neergeval en hom begin bedien. Ek het dadelik besef dat die musiek op die CD aanbiddingsmusiek moet wees, want die mense wat voor die deur gestaan het was reeds in aanbidding en toe hulle die troonkamer binne gegaan het, het die aanbidding net 'dieper' geword. Ek het daarna vir Louis Brittz (wat ek glad nie geken het nie) gekontak en die visie wat God vir my gegee het met hom gedeel. Hy het

daarin 'ingekoop' en ons het in die begin van 2007 aan *'Naby U/Close to You'* begin opneem.

Ek het geleer wat ek oor lofprysing en aanbidding weet by… Nadat God my lewe verander het, het ek by ons gemeente se musiekbediening betrokke geraak. Ek het nie baie van lof en aanbidding geweet nie. Dit was net vir my baie lekker om agter 'n mikrofoon te staan en sing. Abri Brancken was op daardie stadium ons gemeente se kunsteleier en hy en sy vrou, Leoni, het mentors vir my en Dries geword. Abri is self 'n gesalfde aanbiddingsleier en hy het stadig maar seker 'n pad met my begin stap. Hy was die een wat my salwing 'ontdek' het. In die beginjare het dit maar moeilik gegaan, aangesien daar so baie dinge in my lewe was wat nie in lyn met Bybelse beginsels was nie. God moes my hiervan stroop en ek moes baie oor nederigheid leer en nederig begin leef. Ek was telkemale so moedeloos dat ek alles net wou los, maar elke keer het God my opgetel en dan het ons maar weer voor begin. Vandag weet ek dat ek geroep is om God se hart te bedien en dat elke aanbidder 'n opdrag het om 'n aanbiddingsleefstyl te leef en dat, waar 'n mens ook al gaan, jy jou hart na God gedraai moet hou en hom toelaat om jou te leer om Hom te aanbid.

Die persoon wat my lewe die meeste beïnvloed het, is… My man. God het sover vir Dries kragtig in my lewe gebruik. Hy is die stil een wat altyd daar is om my as koning, priester en profeet van ons huis te lei. Hy maak ook seker dat my voete plat op die aarde bly en hy is my grootste kritikus.

My drome vir die bediening wat God aan my gegee het, is… Eerstens dat God daardeur verheerlik sal word en dat Hy altyd Nommer Een in my lewe sal wees. En dat mense deur middel van lof en aanbidding God se teenwoordigheid tasbaar sal ervaar en dat hulle met passie vir Hom sal leef.

My en my man se drome vir ons toekoms is… Om oral waar ons gaan en wat ook al ons doen, God te verheerlik, om absoluut binne God se wil vir ons te leef en Hom gehoorsaam te volg - maak nie saak wat dit vereis nie.

My raad aan jong kunstenaars in die bediening is… Kreatiwiteit lê God na aan die hart, Hy is immers ons Skepper en die Grootste Kunstenaar van alle tye. Behou jou identiteit in Christus en tree altyd met integriteit op. Hou altyd die groter prentjie ingedagte - dit waarvoor God jou geroep is.

My raad aan kunstenaars wat aanbiddingsleiers wil word, is… Bid, bid, bid. Hou aan om God se aangesig te soek. Aanbidding is 'n leefstyl wat meer as musiek behels. Dit gaan nie oor lekker liedjies wat ons saam sing nie. Kry jou lewe in lyn met God se beginsels en handel sake af waarmee jy nog nie 'ge*deal'* het nie. Dit help baie om 'n mentor te kry. Dit is nie 'n maklike pad nie, maar wanneer jy deurbreek en binne God se wil begin leef en bedien is dit 'n *amazing* pad van groei en vervulling. Maak honderd persent seker dat jy geroep is om 'n aanbiddingsleier te wees, want dit is 'n ontsettende groot verantwoordelikheid.

Wat ek vir elke gelowige wil sê… *Enjoy every moment of the journey*. Laat Hom toe om die pottebakker in jou lewe te wees wat jou vorm om te word soos Hy wil.

Wat ek vir ongelowiges wil sê… God is vir jou lief net soos jy is. Jy hoef nie iets spesiaal te sê of doen nie. Jy is vry omdat God se genade so groot was dat Hy vir Jesus gestuur het om in jou plek te sterf. Aanvaar en erken dit in jou lewe. Die reis saam met Jesus is *awesome*.

Adri se gunstelinge

Gunsteling *Worship song/s*… For Your name is Holy, Face down.

Skrifgedeelte/s… Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel (Ps 27:4).

Bybel… My groen 'NIV – Intimacy Bible'. Ek voel verlore daarsonder.

***Worship/gospel* kunstenaar/s**… Matt Redman, Darlene Zcsech, Casting Crowns.

Adri se speelse kant

Ringtone … Father into Your courts (all the earth).

Fliek… Good Will Hunting en aksie.

Song… Praise You through the storm.

Musiek… Die goeie ou 80's...

Akteur… Matt Damon.

Aktrise… Drew Barrimore.

Sanger (manlik)…Josh Groban

Singer (vroulik)…Darlene Zcsech

Gunsteling plek… Enige plek met 'n see uitsig.

Gunsteling aanhaling… *Blessed are the flexible for they won't easily be broken*

As ek nie 'n aanbiddingsfasiliteerder was nie, was ek...Nie in God se wil nie.

Die ding waarsonder ek net nie kan nie… My groen NIV Bybel en my sonbril.